NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
# Verskil

Facebook: https://www.facebook.com/noordsin/

❖ **Kampterreine:**
**Badseloop**: Bespreek by Emiele Nel 083 391 6361 / badseloopjeugkamp@gmail.com;
**Magaliesberg** : Bespreek by Anvie Ventures, 044 696 6585 / info@anvieventures.co.za.

❖ Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

**03 Mei 2024:** Nr 14/2024

## Warmnuus

### ❖ Algemene Sinode-nuus

*Nioma Venter*, Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode bring die volgende sake onder leraars en saakgelastigdes se aandag:

#### Verkiesing: Biddag: *5 Mei*

"Gemeentes word aangemoedig om eerskomende Sondag, *5 Mei 2024*, tydens die erediens, tyd in te ruim vir voorbidding vir die komende verkiesing. Aangeheg is die **liturgiese grondlyne** wat kan help met die inkleding van so 'n diens. Die riglyn sluit 'n bondige preekskets met Psalm 46 as teks in. Seënwense vir elkeen wat ook in hierdie tyd besig is met voorbereiding vir Pinkster. Mag die Here jou en die gemeente wat Hy aan jou toevertrou, ryklik seën in hierdie tyd."

#### Waarnemers by verkiesing

**Reistrasie van waarnemers -** "Ek deel graag met jou die SA Raad van Kerke se lys van areas waar daar nog ernstige tekorte is aan waarnemers wat as deel van die geloofsgemeenskap aanmeld. Op die Excel spreiblad (kliek hier) is daar aan die onderkant van die blad, 'n aanduiding van die provinsie. Dit is nie lang lyste nie. As jy 'n gemeente in jou sinodale gebied sien wat geraak word, wil ek jou aanmoedig om spoedig die inligting aan die betrokke leraar of kantoor deur te gee. Kliek hier om verder te lees... **Die keerdatum vir registrasie** op hierdie platform is *3 Mei* (die datum skuif rond, maar dankie vir die erns wat hiermee gemaak word."

#### Pinkster-dankoffer

"Met Pinkster om die draai bring ek dit graag onder u aandag dat tydens die Algemene Sinodesitting 2023 'n oproep op gemeentes gemaak is om finansiële steun vir Bybelverspreiding te oorweeg.
[Kliek hier vir meer inligting].

## Sinodenuus

### ❖ Pinkster '24

Vir gemeentes wat behoefte het aan leiding rakende vanjaar se Pinkster het Bernice Serfontein die volgende hulpmiddel geïdentifiseer:
• CLF Pinksterreeks "Wat op aarde maak jy hier?" (Kliek hier) - Hierdie reeks vra die vraag: Wat op aarde maak ons hier? en antwoord met 'n uiteensetting van ons doel en roeping as gelowiges op aarde. Elke boodskap het vier stadiums/oomblikke: lees, dink, luister en doen. Na die Skriflesing (lees) is daar 'n paar gedagtes (dink) oor 2 die teks vir oordenking (Lectio Divina-styl). Dit word gevolg deur die boodskap (luister), en 'n paar praktiese vrae en gebedsriglyne (doen). • Navrae: Bernice – 083 417 5133 / bernice.serfontein@gmail.com.

### ❖ Survivorkamp 2024

Dié kamp word spesifiek vir die **graad 8 – 10's** gereël en vind gedurende
*17-21 Junie* by die Badseloop Jeugkampterrein plaas.

Navrae: Anita Hurn (Whatsapp 083 297 5471 of epos hurnanita@gmail.com.)
Plakkaat: Kliek hier.
Inskrywingsvorms:

- Graad 8's – 10's: Kliek hier.
- Personeel: Kliek hier.

## ❖ Johan Heyns Gedenklesing: *27 Mei*

Hiermee 'n vriendelik uitgenodiging na die **Johan Heyns Gedenklesing**
op die *27 Mei* om 18:30 vir 19:00 in die Eeufeessaal (Vloer 2, Kamer 10), Teologie Gebou, UP.
**Spreker**: Prof Ernst Conradie Sistematiese teoloog van die Universiteit van Wes-Kaapland.
**Tema**: Die Stellenbosche Heyns: Nagedink oor die vroeë-, middel- en
latere jare van 'n akademiese loopbaan
**RSVP**: Vóór *10 Mei* by ofentse.matlhabe@up.ac.za. [Kliek hier vir die uitnodiging].

## ❖ CMR Noord




*Ronel Aylward* gesels met Annelie Bouwer van GROOTfm 90.5 oor die dienste wat CMR Noord aan kinders, gesinne en gemeenskappe in nood lewer. Die CMR Noord /North reik gedurende die Kinderbeskermingsweek (29 Mei tot 5 Junie) uit na skole en bied programme aan oor o.a. boeliegedrag, seksuele misbruik, met die oog op die voorkoming en hantering daarvan. Kontak CMR Noord/North by 012 460 9272 vir hulp en maatskaplike dienste.

## ❖ Kinderbeskerming

### Publieke getuienis

**Die Kerk en Kerk-eie stemme oor Kinderbeskerming**

*Nioma Venter*, Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode skryf: "Mei-maand is Kinderbeskermingsmaand. Die fokus op kinderbeskerming en verbandhoudende temas is 'n ideale geleentheid vir die kerk om saam met ons kerk-eie maatskaplike diensorganisasies, 'n profetiese stem te laat hoor oor hierdie saak wat ons weet 'n brandende kwessie in ons samelewing is. Wat sal die kerk sê oor kinderbeskerming?" Kliek hier om verder te lees.

Hiermee, inligting van 'n unieke geleentheid wat deur die maatskaplike diensorganisasie *Tutela* in die Hoëveld Sinode in Kempton Park gereël word vir *1 Junie 2024*. Kundiges lei die gesprekke. Predikante kan 6 VBO-punte vir bywoning verdien. Besprekings vóór *10 Mei* beteken 'n R200 besparing op die registrasiefooi wat andersins R700 is.

❖ Versprei asseblief die uitnodiging soos voorgestel hierbo. Kliek hier vir die uitnodiging asook inligting.

## ❖ Transoranje Instituut vir buitengewone onderwys (TOIBO)

### Projek Warmlyfie



Die winter kruip nader en TOIBO fokus *April* en *Me*i om behoeftige kinders met warmklere toe te rus sodat hulle warm en gesond deur die koue wintermaande kan skoolgaan. Tans ontvang ongeveer 839 behoeftige kinders op een of ander manier hulp vanaf TOIBO. Hulle deel graag dié ***nuusskyfie*** (kliek hier) wat hierdie maand aan die gemeentes verskaf word, om aan die lidmate te vertoon vir moontlike donasies.

# Kolleganuus

## ❖ Baie geluk



**Johan Scholtz** [Montana] het op *23 April* sy doktorsgraad verwerf.

## ❖ Bewegings



**<<< Jan Pretorius** [Louis Trichardt] emeriteer op *5 Mei*. Hy bly egter aan in die gemeente in 'n vaste termynpos.



**>>> Luné Dorfling** (Ermelo) het die beroep na Vorentoe aanvaar. Haar intreepreek vind op 2 Junie (10:00) plaas.



**<<< Natalie Van Blerk** [Mootvallei] het die beroep na Waverley aanvaar. Sy ontvang op *19 Mei* haar akte van Demissie en haar afskeidsdiens vind ook dan plaas. Sy word op *9 Junie* bevestig by Waverley.



**>>> Wynand Eloff** [proponent] se ordening en bevestiging as medeleraar van Warmbad-Wes vind op Vrydag *10 Mei* om 18:00 plaas. Sy intreepreek vind op Sondag *12 Mei* plaas.

### ❖ Verjaarsdagwense

06/05 Willem Nicol (Emeritus)
07/05 Arend Hattingh (Daspoort)
08/05 Louis Lemmer (Magalieskruin);
10/05 Jan Pretorius (Louis Trichardt)
11/05 Hannes Coertze (Emeritus); Rivandu Swanepoel (Suidoos-Pretoria)

--------------------------------------------------------------------------------

07/05 Andéne Devenish (Eggenote van Pieter, Rooihuiskraal)
08/05 Mari Laas (Eggenote van Joekie, Waverley-Oos); Maryke van Wyngaard (Eggenote van Cobus, Pretoria)
09/05 Clarissa Fourie (Eggenote van Piet, Sanddrift)
11/05 Elsie Janse van Rensburg (Eggenote van Danie, Bergtuin/Jan Niemandpark); Marietha Ueckermann (Eggenote van Danie, Nylsroom-Oos)

## Gemeentenuus




### ❖ Verjaardae

Vaalwater (Gestig: 06/05/1930)

### ❖ Basaars, Feeste, ens.

**Monumentpark**: **Wild & Wakkerfees**
**Datum**: *27 Julie*
**Waar:** Elandstraat 79, Monumentpark
Potjiekos, hamburgers, prego's sosaties, pannekoek, Deli, teetuin, stalletjies, uitstallings en vele meer.

## Toerusting

### ❖ Excelsus - Sentrum vir Bedieningsontwikkeling

**Navrae**: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za.

**Program vir 2024**: Kliek hier.

**Aanlyn seminaar oor die konteks van die NG Kerk**




Kliek hier vir die inligting; **VBO:** 30 punte.
**Om in te skryf:** Kliek hier - **Vóór** *3 Mei.*
**Fasiliteerders:** *Lourens Bosman* lei die seminaar.

**Child Protection Conference**

Excelsus bring graag die volgende konferensie, wat deur Tutela angebied word, onder julle aandag... *1 Junie, 09:00*.
**Tema:** "Unchain our children"
**Waar**: NG Kruin (Fiskaalstraat 30, Glen Marais, Kempton Park.
**Navrae**: Trienie Drotschie, 011 975 8220; trienie@tutela.org.za.
**6 VBO-punte** kan verwerf word. Kliek hier vir die uitnodiging asook inligting; Kliek hier vir die program.

### Brugbediening asook Gemeentediagnosewerkswinkel

Die volgende twee geleenthede word onder u aandag gebring:
*** Brugbediening** (Week 1 - *29 Julie tot 1 Augustus*; Week 2 - *11-14 November*) – Kliek hier**.**
* **Werkswinkel: Opleiding van Begeleiers van 'n Bedieningsdiagnose in Gemeentes** *(29 - 31 Julie*) – Kliek hier.

## Ander nuus

### ❖ Vakatures

**Kerkbode:** Kliek hier vir die vakatures in die elektroniese Kerkbode.

- **Rustenburg-Proteapark**: Twee voltydse predikantsposte [Kliek hier vir die volledige advertensie]

**Stellastraat: Eiendomme, onderhoud, klank en tegnologie** (Halfdag pos)

Die pos moet met ingang van *1 Julie 2024* gevul word. Kliek hier vir die volledige inligting. Die aansoeke sluit op Vrydag *10 Mei*. Die pos is gesetel in die kerkkantoor van NG Gemeente Stellastraat, te Stellastraat 158, Waterkloof. Navrae: Kantoorkoördineerder (malannelup@gmail.com / 082 6617888)

**Magaliesberg Gesinskerk (Marikana)**: **Predikantspos (Drie jaar vaste termynpos)**

Magaliesberg Gesinskerk is geleë om Mooinooi in Noordwes. Een derde van die 122 besoekpunte is in Mooinooi terwyl die res op plase en kleinhoewes om Mooinooi en Buffelspoort is. Daar is 'n goeie laerskool (Laerskool Elandskraal) in die dorp, en busvervoer is beskikbaar vir kinders na hoërskole in Rustenburg en Brits. Kliek hier vir die advertensie. **Sluitingsdatum** vir aansoeke: *1 Junie.*

## Aflosgeleenthede

Predikante, emeriti en proponente wat beskikbaar is om eredienste te lei in gemeentes waar daar vakatures is of die leraar met vakansie is, is welkom om hulle besonderhede vir Hermien te stuur [hermien@noordsin.co.za].

Die volgende persone het reeds gereageer:

* André Smuts: sasmuts@tsa.co.za [Binne 'n radius van 100 km vanaf Pretoria]
* Bianca Steyn: brdebruyn@gmail.com / 076 043 9921
* Danie Neumann: danie.neumann@outlook.com / 082 828 5310
* Ernst Muller: gaius117@gmail.com / 082 656 1107
* Flip du Toit: fliptoit@gmail.com / 082 781 7076
* Johan de Villiers: johandv6@gmail.com
* Louis Louw: louisklouw@absamail.co.za / 072 461 6633
* Michiel van der Merwe: mvdm360@gmail.com / 082 462 3529
* Stanley Strydom: stanley.strydom@gmail.com / 083 299 1090
* Theuns Kriek: trkriek@lantic.net / 083 273 9386 [Pretoria]

## Naskrif

> Protecting your peace doesn't mean you're giving up on connecting with others; it just means you're choosing to invest where it counts.
>
> — r. m. drake